



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL V1

FEBRUARIE/MAART 2016

MEMORANDUM

MPUMALANGA

PUNTE: 120

Hierdie memorandum bestaan uit 16 bladsye.

AFDELING A: LEESBEGRIP**NASIEN VAN DIE LEESBEGRIP:**

1. Spel- en taalfoute in antwoorde word nie gepenaliseer nie omdat die fokus op begrip is. (Foute moet steeds aangedui word.) Waar die foute die betekenis van die woord(e) verander, word dit wel gepenaliseer.
2. Indien die kandidaat woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal wat geassesseer word, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.
3. Vir **oop vrae** word geen punte toegeken vir JA/NEE/ EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering/bewys moet oorweeg word.
4. Vir WAAR/ONWAAR- of FEIT/MENING/LUG JOU MENING- vrae word geen punte toegeken nie. Net die rede/motivering/aanhaling word bepunt.
5. Waar een-woord-antwoorde gevra word en die kandidaat 'n volsin gee, is dit korrek **mits** die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word.
6. Wanneer twee of drie feite/punte vereis word en die kandidaat gee 'n hele reeks, word **slegs** die eerste twee of drie feite/punte nagesien.
7. Aanvaar dialektiese variasies.
8. Aanvaar die letter en/of die korrekte antwoord wat uitgeskryf is by 'n **meerkeusevraag**.

VRAAG 1**TEKS A: TYDSKRIFARTIKEL**

VRAAG	ASSESSERINGSRIGLYNE	PUNT	VLAK
1.1	<ul style="list-style-type: none"> • (In die) Sahara-woestyn • (In die) Sahara (Enige EEN) 	1	1
1.2	<ul style="list-style-type: none"> • Om op plase te werk/vir plaaswerk. • Om op plase gebruik te word. (Enige EEN of soortgelyk) 	1	1
1.3	warm, ✓ droog ✓ en bergagtig ✓ (Mag in enige volgorde gegee word.)	3	1
1.4.1	Goud (myne)	1	1
1.4.2	<ul style="list-style-type: none"> • Daar is 'n standbeeld vir donkies opgerig. • Die mense het 'n standbeeld vir donkies opgerig. (Of soortgelyk) 	1	1
1.5	trekkers	1	1
1.6	“diere wat alles verniel”	1	2
1.7	Hulle oë sit aan die kant van hulle koppe.	1	3
1.8	<ul style="list-style-type: none"> • Donkies waai die insekte weg (met hulle sterte). • Donkies klap met hulle sterte na die insekte. (Enige EEN of soortgelyk) 	1	3
1.9	groot/groter/langer ✓ klein/kleiner/korter ✓ (Nie groot/korter, ens. nie) (Enige EEN)	2	3
1.10	(Aan sy) tande	1	2
1.11	(Om donkies) warm te hou. (Of soortgelyk)	1	3
1.12	Donkies is doodgemaak omdat die mense gedink het daar was te veel donkies. (Of soortgelyk)	1	3
1.13	<ul style="list-style-type: none"> • B • vier • B vier (Enige EEN) 	1	3

1.14	<ul style="list-style-type: none"> • (Die organisasies kan na die donkies kyk) omdat party eienaars nie omgee vir hulle donkies nie/hulle donkies verniet. • (Die organisasies kan vir die donkies kos gee) omdat party eienaars nie genoeg geld het om vir hul donkies kos te koop nie. • (Die organisasies kan vir die donkies die mediese sorg gee wat hulle nodig het) omdat die eienaars nie geld het om mediese sorg vir hulle donkies te gee nie. (Enige TWEE of soortgelyk) 	2	4
1.15	<ul style="list-style-type: none"> • Dis teen die wet om diere/donkies te mishandel. • Mense wat donkies mishandel, behoort nie donkies aan te hou nie. • Dis beter vir die donkies om in 'n veilige plek te wees. • Donkies verdien 'n goeie lewe. (Enige EEN of soortgelyk) 	1	5
1.16	<ul style="list-style-type: none"> • D • Bruikbaar • D Bruikbaar (Enige EEN) 	1	3
1.17	<ul style="list-style-type: none"> • Sulke diere kan ongelukke veroorsaak. • Sulke diere kan skade aan motors veroorsaak. (Enige EEN of soortgelyk) 	1	4
1.18	<ul style="list-style-type: none"> • B • harde, oninteressante werk doen. • B harde, oninteressante werk doen. (Enige EEN) 	1	3
1.19	<ul style="list-style-type: none"> • Die titel sê presies waaroor die leestuk handel. • Die titel beskryf die donkie net soos dit in die leesstuk staan. • Die titel noem die donkie 'n wonderlike ding en dis presies wat die donkie is. (Enige EEN of soortgelyk) 	1	5
SUBTOTAAL:		24	

TEKS B: VISUELE TEKS

VRAAG	ASSESSERINGSRIGLYNE	PUNT	VLAK
1.20	dieselfde	1	3
1.21	43%	1	3
1.22	<ul style="list-style-type: none"> (Die meeste leerders wat nie tot graad 12 aangaan nie, verlaat die skool) ná graad 10 ná graad 10 	1	3
1.23	<ul style="list-style-type: none"> (Potlode) hou verband met skool. (Potlode) stel die skool/leer voor. (Potlode) is sinoniem met leer. (Potlode) laat jou dink aan skool/onderrig/leer. (Enige EEN of soortgelyk)	1	4
1.24	<ul style="list-style-type: none"> (Die hoedjie) is sinoniem met verdere studies. (Die hoedjie) stel naskoolse opleiding voor. (Die hoedjie) impliseer tersiêre opleiding. (Die hoedjie) verwys na verdere kwalifikasies na skool. (Enige EEN of soortgelyk)	1	4
1.25	<ul style="list-style-type: none"> B moontlike loopbane om na matriek te volg. B moontlike loopbane om na matriek te volg. (Enige EEN)	1	3
SUBTOTAAL:		6	
TOTAAL AFDELING A:		30	

Barrett se Taksonomie		Punte	%	
Vlak 5	Waardering	7	23%	20%
Vlak 4	Evaluering			
Vlak 3	Afleiding	11	37%	40%
Vlak 2	Letterlik	12	40%	40%
Vlak 1	Herorganisasie			

AFDELING B: OPSOMMING**NASIEN VAN DIE OPSOMMING**

Die opsomming word soos volg nagesien:

- **Puntetoekenning:**
 - 7 punte vir 7 feite (1 punt vir elke feit)
 - 3 punte vir taal
 - Puntetotaal: 10
- **Verspreiding van taalpunte wanneer die kandidaat nie woordeliks aangehaal het nie:**
 - 1–3 feite korrek: ken 1 punt toe
 - 4–5 feite korrek: ken 2 punte toe
 - 6–7 feite korrek: ken 3 punte toe
- **Verspreiding van taalpunte wanneer kandidaat woordeliks aangehaal het.**
 - 6–7 direkte aanhalings: ken geen taalpunte toe nie
 - 1–5 direkte aanhalings: ken 1 punt vir taal toe

LET WEL:

- **Tel van woorde:**
 - Nasieners moet die getal woorde wat gebruik is, tel.
 - Geen punte word afgetrek as die kandidaat nie die getal woorde aangedui het nie of as die getal woorde wat gebruik is, verkeerd aangedui is.
 - Indien die kandidaat die vereiste getal woorde oorskry, lees tot by 65 woorde en ignoreer die res van die opsomming.
 - Korter opsommings wat die vereiste feite bevat, mag nie geenaliseer word nie.

VRAAG 2: DINK HIERAAN WANNEER JY 'N SELFIE WIL NEEM[Verwerk uit *Die Burger Jip*, Maandag 19 Mei 2014]

	TEKS	VERWAGTE ANTWOORDE
1.	Kies 'n mooi en interessante agtergrond vir jou selfie , byvoorbeeld 'n natuurtoneel. 'n Selfie van jou in 'n badkamer of by 'n begrafnis is heeltemal verkeerd.	Neem jou selfie teen 'n mooi/interessante agtergrond.
2.	As jy jou selfie in direkte sonlig neem, gaan die selfie dof wees. As jy jou selfie in te min lig neem, gaan jou selfie te donker wees. Daarom moet jy seker maak dat jy jou selfie in goeie lig neem.	Kies goeie lig om jou selfie te neem.
3.	Maak seker dat jy die regte klere dra vir die geleentheid wanneer jy jou selfie neem. Wanneer jy na 'n partytjie toe gaan, kan jy jouself in jou mooi klere afneem. Wanneer jy ontspan, moet mense aan jou kleredrag kan sien dat jy ontspan.	Neem 'n selfie met klere wat by die geleentheid pas.
4.	Deel 'n spesiale geleentheid met jou vriende. Wanneer jy jou verjaarsdag vier of by die matriekafskeid is, kan jy 'n selfie neem om vir almal te wys hoeveel jy dit geniet.	Neem 'n selfie by spesiale geleenthede om dit met almal te deel.
5.	Het jy 'n nuwe haarstyl, bril of klere? Neem 'n selfie om by jou vriende met iets nuuts te spog. Dit sal vir hulle ook lekker wees om dit te sien.	Spog met iets nuuts deur 'n selfie daarvan te neem.
6.	Mense maak asof hulle slaap, of hulle maak asof die fotograaf hulle onverwags afgeneem het, maar almal weet hierdie foto's is vals. Moenie situasies namaak wat nie bestaan nie.	Neem jou selfie in situasies wat regtig bestaan.
7.	As jy nie tevrede is met jou selfie nie, kan jy dit verbeter. Jy kan die toepassing "VSCO Cam" gebruik om jou selfie te redigeer.	Redigeer jou selfie om dit te verbeter.
	GETAL WOORDE = 227 woorde (± 200 woorde - Disjunktief)	GETAL WOORDE = 62 woorde (50 – 60/65 maksimum)
TOTAAL AFDELING B: 10		

Barrett se Taksonomie		Punte	%	
Vlak 5	Waardering Evaluering	2	20%	20%
Vlak 4				
Vlak 3	Afleiding	4	40%	40%
Vlak 2	Letterlik Herorganisasie	4	40%	40%
Vlak 1				

AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

NASIEN VAN TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

1. Spelling:
 - Eenwoord-antwoorde moet korrek gespel word.
 - By volsin-antwoorde word verkeerde spelling geenaliseer indien die fout in die taalstruktuur is wat getoets word.
 - Waar afkortings getoets word, moet die leestekens korrek wees.
2. Sinstrukture moet taalkundig korrek wees en in volsinne aangebied word volgens die instruksies.
3. Aanvaar die letter EN/OF die korrekte antwoord wat volledig uitgeskryf is, by 'n meerkeusevraag.

VRAAG 3: ADVERTENSIE

VRAAG	ASSESSERINGSRIGLYNE	PUNT	VLAK
3.1	manipuleer	1	3
3.2	uitroepteken	1	1
3.3	<ul style="list-style-type: none"> • B • Dit laat elke leser voel daar word net met hom/haar gepraat. • B Dit laat elke leser voel daar word net met hom/haar gepraat. (Enige EEN) 	1	3
3.4	<ul style="list-style-type: none"> • ... almal hou nie van kampeer nie. • ... die adverteerder se opinie wil hê dat mense by die ATKV se vakansie-oorde gaan kampeer. • ... nie almal wil na ATKV vakansie-oorde gaan nie. • ... die adverteerder wil die ATKV vakansie-oorde bemark. (Enige EEN of soortgelyk) 	1	3
3.5	Sep – tem - ber	1	2
3.6	beste	1	2
3.7	<ul style="list-style-type: none"> • B • kerkmuis • B kerkmuis (Enige EEN) 	1	3
3.8	<ul style="list-style-type: none"> • Verskillende lettertipes • Die woorde wat in verskillende vorms geskryf is • Die leestekens/uitroeptekens • Die foto van mense wat kampeer • Die kindertekeninge • Die woorde wat groot gedruk is • Die vetgedrukte woorde (Enige TWEE of soortgelyk) 	2	5
3.9	<ul style="list-style-type: none"> • Mense wat daarvan hou om te kampeer. • Mense wat goedkoop vakansie wil hou. • Mense met kinders. • Mense wat van ATKV-oorde hou. (Enige EEN of soortgelyk) 	1	5
SUBTOTAAL:		10	

VRAAG 4: SPOTPRENT

VRAAG	ASSESSERINGSRIGLYNE	PUNT	VLAK
4.1	Ag tog!	1	2
4.2	Gertjie sê vir sy pa dat hy nie sleg voel nie. <i>(Die hele sin moet korrek wees om die punt te verdien)</i>	1	2
4.3	<ul style="list-style-type: none"> • D • hulle die wedstryd verloor het. • D hulle die wedstryd verloor het. (Enige EEN)	1	3
4.4	<ul style="list-style-type: none"> • koerant • nuusblad/dagblad (Enige EEN)	1	2
4.5	hartseer is oor	1	3
4.6	<ul style="list-style-type: none"> • Wie kon ook nie 50 lopies kry nie? • Watter krieketspan kon ook nie 50 lopies kry nie? <i>(Die hele sin moet korrek wees om die punt te verdien)</i> (Enige EEN)	1	2
4.7	warm	1	2
4.8	skinkbordjie	1	1
4.9	hom	1	2
4.10	Pa en Gertjie gesels terwyl hulle koffie drink.	1	2
SUBTOTAAL:		10	

VRAAG 5.1: LEESSTUK

VRAAG	ASSESSERINGSRIGLYNE	PUNT	VLAK
5.1.1	waarop	1	3
5.1.2	agtiende	1	3
5.1.3	vuil	1	2
5.1.4	nie	1	3
5.1.5	in	1	1
5.1.6	reënwater	1	2
5.1.7	slegte	1	2
5.1.8	silwerskoon	1	2
5.1.9	om gesonde kos te eet. <i>(Die hele sinsdeel moet korrek wees om die punt te verdien)</i>	1	2
5.1.10	groente	1	4
5.1.11	kinders	1	2
5.1.12	omdat hulle elke dag voor die televisie sit . <i>(Die hele sinsdeel moet korrek wees om die punt te verdien)</i>	1	4
5.1.13	My van is Dube. <i>(Eienaam)</i> Van ek hom ken, lees hy graag. <i>(Voegwoord)</i> <i>(Enige sin waar die ander betekenis van die woord duidelik is.)</i>	1	4
5.1.14	'n	1	1
SUBTOTAAL:		14	

VRAAG 5.2: PRENT

VRAAG	ASSESERINGRIGLYNE	PUNT	VLAK
5.2.1	elektrisiteit	1	3
5.2.2	op	1	2
5.2.3	handdoek	1	2
5.2.4	verwarmer	1	2
5.2.5	afgeskakel	1	2
5.2.6	beker	1	2
SUBTOTAAL:		6	
TOTAAL AFDELING C:		40	

Bloom se Taksonomie		Punte	%	
Vlak 6	Sintese Evaluering	3	7.5%	20%
Vlak 5				
Vlak 4	Analise Afleiding	13	32.5%	40%
Vlak 3				
Vlak 2	Begrip Kennis	24	60%	40%
Vlak 1				

AFDELING D: LETTERKUNDE**BLADSAK – Lucas Malan****VRAAG 6****VERHAAL A: 'DIE HEN EN DIE NAALD' – Minnie Postma**

VRAAG	ASSESSERINGSRIGLYNE	PUNT	VLAK
6.1	<ul style="list-style-type: none"> Die verhaal is deur die ou mense oorvertel. Die ouers het die verhaal by hulle ouers gehoor. (Enige EEN of soortgelyk) 	1	1
6.2	<ul style="list-style-type: none"> Valk het elke dag by Hen gaan kuier. Valk en Hen het lekker gesels. Valk het sy kosbare naald vir Hen geleen. (Enige EEN) 	1	1
6.3	vrolik	1	3
6.4	<ul style="list-style-type: none"> Valk was die enigste voël wat 'n naald gehad het. Nie een ander voël het 'n naald gehad nie. (Enige EEN of soortgelyk) 	1	1
6.5	Velletjies (wat sy gebêre het).	1	1
6.6	<ul style="list-style-type: none"> 'n Naald is klein en kan maklik wegraak. Valk kon nie seker wees dat Hen wel sy naald sou teruggee nie. As die naald wegraak, kon Valk nie meer sy werk doen nie. (Enige EEN of soortgelyk) 	1	4
6.7	<ul style="list-style-type: none"> 'n Ma kan nie haar kinders so maklik weggee nie. 'n Ma mag nie haar kinders gebruik om haar foute reg te maak nie. (Enige EEN of soortgelyk) 	1	4
6.8	<ul style="list-style-type: none"> A 'n vergelyking. A 'n vergelyking. (Enige EEN) 	1	3
6.9.1	<ul style="list-style-type: none"> D ... "Tjhe, dis 'n goeie plan daardie!" D ... "Tjhe, dis 'n goeie plan daardie!" (Enige EEN) 	1	3
6.9.2	<ul style="list-style-type: none"> A ... "Mooier as al die ander vrouens." A ... "Mooier as al die ander vrouens." (Enige EEN) 	1	3

6.9.3	<ul style="list-style-type: none"> • B • ... “Jo, sy blink, daardie vrou!” • B ... “Jo, sy blink, daardie vrou!” (Enige EEN) 	1	3
6.9.4	<ul style="list-style-type: none"> • E • ... “’n Vrou met so ’n mooi karos om mag nie op ’n vuil vloer trap nie.” • E ... “’n Vrou met so ’n mooi karos om mag nie op ’n vuil vloer trap nie.” (Enige EEN) 	1	3
6.10	<ul style="list-style-type: none"> • Hen se kinders het presies gedoen soos Hen gevra het. • Hen se kinders het die huis mooi uitgevee soos Hen gevra het. • Hen se kinders het die vuilgoed op die ashoop gegooi soos Hen gevra het. (Enige EEN of soortgelyk) 	1	3
6.11	<ul style="list-style-type: none"> • Hen het buitentoe gestap en haar beentjies uitgeskiet. • Almal het vir Hen geprys met haar karos. • Valk het sy naald gevra. • Hen het haar kinders geroep om te help soek. 	1 1 1 1	2 2 2 2
6.12	<ul style="list-style-type: none"> • Hen kon dalk haar kinders verloor. • Hen se kinders was in gevaar. • Hen was bang. (Enige TWEE of soortgelyk) 	2	5
6.13	<ul style="list-style-type: none"> • Hen was baie bang/bevrees. • Hen was onrustig. (Enige EEN of soortgelyk) 	1	3
SUBTOTAAL:		20	

EN**VERHAAL B: 'TOM' – Jeanne Goosen**

VRAAG	ASSESSERINGSRIGLYNE	PUNT	VLAK
6.14	(Op) ’n erfie (buite ’n dorp).	1	1
6.15	<ul style="list-style-type: none"> • Die broertjie se skoolgeld moes nog betaal word. • Die broertjie het die donkie en die karretjie met sy skoolgeld gekoop. (Enige EEN of soortgelyk) 	1	1
6.16	<ul style="list-style-type: none"> • D • Die karretjie het uitmekaar geval. • D Die karretjie het uitmekaar geval. (Enige EEN) 	1	3

6.17	<ul style="list-style-type: none"> Al die gebeure in die verhaal handel oor die donkie, Tom. “Tom” is die titel van die verhaal wat oor die donkie “Tom” handel. Tom is die oorsaak van die konflik tussen die broertjie en die verteller. (Enige EEN of soortgelyk) 	1	4
6.18	<ul style="list-style-type: none"> Daar was skaafplekke op die dier se blaai. Die donkie was halfdood. Die donkie het siek gelyk. (Enige EEN of soortgelyk) 	1	1
6.19	<ul style="list-style-type: none"> D kontras. D kontras. (Enige EEN) 	1	3
6.20	<ul style="list-style-type: none"> ’n Goeie winskopie. ’n Lae prys. (Spot)goedkoop. (Enige EEN of soortgelyk) 	1	1
6.21	<ul style="list-style-type: none"> Die donkie moes die karretjie trek. Die donkie met die karretjie moes goed aanry. Die broertjie het gedink hy kry ’n winskopie – twee vir die prys van een. (Enige EEN of soortgelyk) 	1	4
6.22	moedeloos	1	3
6.23	<ul style="list-style-type: none"> Sodat hulle kon kyk of hulle genoeg geld het vir die koop van die donkie. Sodat hulle kon kyk of hulle ’n plek het waar hulle die donkie kon hou. Sodat hulle kon kyk of daar geld oorgebly het nadat hulle kos en skoolgeld betaal het. (Enige TWEE of soortgelyk) 	2	5
6.24.1	<ul style="list-style-type: none"> B ... het sy diere sleg behandel. B ... het sy diere sleg behandel. (Enige EEN) 	1	3
6.24.2	<ul style="list-style-type: none"> C ... was seker daar was baie weiplek vir die donkie. C ... was seker daar was baie weiplek vir die donkie. (Enige EEN) 	1	3

6.24.3	<ul style="list-style-type: none"> • A • ... was baie omgekrap. • A ... was baie omgekrap. (Enige EEN) 	1	3
6.24.4	<ul style="list-style-type: none"> • E • ... het 'n paar tande gekort. • E ... het 'n paar tande gekort. (Enige EEN) 	1	3
6.25	<ul style="list-style-type: none"> • Daar was nie 'n kamp vir die donkie nie. • Die donkie kon die groente opvreet. • Die donkie kon dalk by die bure moeilikheid maak as hy los loop. (Enige EEN of soortgelyk) 	1	3
6.26	<ul style="list-style-type: none"> • Die broertjie het die donkie gekoop. • Die verteller was ontevrede oor die donkie. • Die verteller het gedink die donkie was lelik. • Die donkie het gelag. 	1 1 1 1	2 2 2 2
SUBTOTAAL:		20	

Barrett se Taksonomie		Punte	%	%
Vlak 5	Waardering	4	20%	20%
Vlak 4	Evaluering			
Vlak 3	Afleiding	8	40%	40%
Vlak 2	Herorganisasie	8	40%	40%
Vlak 1	Letterlik			

TOTAAL AFDELING D: 40
GROOTTOTAAL: 120